VERGADERINGS DIE WEEK:

28 Okt – Erediensbedieningsraad
30 Okt – Adminbedieningsraad

4 Nov - Ouderlingvergadering

VERJAARSDAE

29 Okt Danie Joubert (Belydend)	0169711591
29 Okt Zak van Schalkwyk (Doop)	0169760238
30 Okt Anet Vorster (Belydend)	0169733200
1 Nov Johan Groenewald (Belydend)	0725850994
2 Nov Jan Venter (Belydend)	0169767708

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

27 Oktober 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK A

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: NOTEKOLLEKTE: KERKKAS

WOORDBEDIENING

Skriflesing: Eksodus 18 (83 Vertaling)
Fokusverse: Eksodus 18:19-23 (83 Vertaling)

Tema: In 'n gesonde gemeente word dienskneg leiers voortdurend geïdentifiseer, toegerus en bemagtig.

1. Die volk staan in 'n lang ry van die oggend tot die aand, terwyl een leier al die hofsake aanhoor. (v. 13)
2. So 'n manier van werk is nie volhoubaar nie (v. 18)
3. Tog is daar baie ongesonde gemeentes van Christus wat op dié manier werk – die predikant en 'n paar individue probeer al die werk alleen doen, en sommiges brand uit en die dienswerk ly skade. (v. 18).

4. God se antwoord deur Moses se skoonpa, Jetro, hoe dit behoort te werk: (v. 19-23)
    a. Die leraar en leier moet fokus op gebed. (v. 19).
    b. Die leraar en leier moet ook fokus op suiwer Woord verkondiging. (v. 20).
    c. Die werk moet verdeel word onder bekwame leiers – m.a.w. leierskap vermenigvuldiging. (v. 21).
        i. Die leiers moet ware gelowiges wees, met besondere karakter eienskappe. (v. 21)
    d. Die leiers moet leer om te prioritiseer, en verantwoordbaar gehou word. (v. 22)
        i. Effektiewe leiers fokus op die regte dinge (die belangrike dinge)... op die regte tye (en dit is gewoonlik deur eerste daaraan aandag te gee)... en doen dit op die regte manier, vir die regte redes!
5. Ons Here Jesus was die volmaakte voorbeeld van 'n Dienskneg Leier wat dienskneg leiers vermenigvuldig het (Matt. 20:28):
    a. Hoe het Hy dienskneg leiers vermenigvuldig?
        i. Hy identifiseer die regte leiers, bv. Petrus, Johannes en Paulus.
        ii. Hy rus hulle behoorlik toe vir 3 jaar.
        iii. Hy stel self die voorbeeld en leef wat Hy preek (1 Kor. 11:1).
        iv. Hy bemagtig die leiers (Matt. 10, Luk. 10).
        v. Hy hou die leiers verantwoordbaar (Mark. 6:30, Luk. 9:10, Luk. 10:17-24).
        vi. Hy help leiers om leergeleenthede aan te gryp,veral ook as hulle faal (bv. Petrus). (Matt. 14:22-33, Joh. 21:15-19).



DATUMS VIR 2020

Diensgroepe moet asseblief onthou om hul datums in 2020 vir hul funksies / vergaderings / geleenthede deur te gee aan Colleen Koekemoer met die oog op die opstel van die jaarprogram vir 2020.

GKSA ALMANAKKE

Vandag is die laaste geleentheid om julle name agter op die kennisgewingbord te skryf vir die GKSA almanakke, dit word die 30ste bestel.
Die koste van die Almanak beloop **R86.00** Geld kan gedeponeer word in die kerkrekening: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, 52034 00 33 met DUIDELIKE VERWYSING(bv. *Almanak/M Floor),* of deur kontant met ontvangs.

UITNODIGING AAN OUDSTUDENTE VAN DIE P U VIR C H O.

Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika herdenk vanjaar ons 150ste bestaansjaar.

Met die oprigting van die Teologiese Skool in 1869 is terselfdertyd besluit om "'n Literariese Departement" vir student in ander studierigtings as Teologie op te rig. Hierdie besluit was die begin van die latere Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Daarom het 'n aantal oudstudente van die P U vir C H O besluit om as alumni 'n eie feesgeleentheid te reël om die seënryke geskiedenis van die afgelope 150 jaar te herdenk. Die fees word gereël vir 30 November in Potchefstroom.

Volledige inligting is beskikbaar op hul webadres (https://puk150.co.za). Daar is ook 'n skakel op die webadres waar oudstudente aanlyn hulle kaartjies kan koop om die fees by te woon

GLO MEDIA TV - ONS EIE TV PLATFORM.

Gaan lees gerus agter op die advertensiebord meer oor hierdie nuwe konsep van die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika. Daar word ook aanbieders benodig, en 2 persone uit elke gemeente wat dit kan bekendstel. Indien jy die volledige inligtingstuk wil hê, kontak gerus vir Colleen by whatsapp 0828554769 of admin@gksasolburg.co.za, om dit vir jou aan te stuur.